

JACOBSDAL PRIMÊRE SKOOL
NUUSBRIEF: 1 16 – 23 Januarie 2026
TEMA VIR 2026: BEE....positive, smart, friendly, etc.



OUERS:

VERWELKOMING:

Baie welkom aan mej. Ninke Jacobs (Gr R), mej. Annamarië van der Walt (4B), mnr. Martin Fourie (gr 6&7), mev. Jolene Strydom (SO gr 4&5) en mev. Lanie Steenkamp (sportorganiseerder), wat hierdie jaar by ons skoolfamilie aansluit. Ons hoop dat julle 'n lang en gelukkige pad saam met ons sal stap!

KWYTSKELDING VIR SKOOLGELD 2026:

Ouers moet kwytskeldingsvorme persoonlik by die finansiële assistent gaan afhaal en daarvoor teken.

Aansoeke moet **vóór Vrydag, 13 Februarie 2026** by die finansiële assistent ingehandig word. **Onvolledige aansoeke sal nie oorweeg word nie.**

Onthou: U is nogsteeds verantwoordelik vir skoolfonds tot die kwytskelding goedgekeur of afgekeur word.

Reëlins rakende uitstaande gelde moet skriftelik of per e-pos gestuur word aan fin@jakkies.com. Geen telefoniese oproepe of whatsapp-boodskappe sal in ag geneem word nie.

SKOOL- EN KOSHUISGELD 2026:

Skoolgeld vir **Januarie** is dadelik betaalbaar en dan **tot en met November** vóór die 7de van elke maand. (11 maande)

Koshuisgelde vir die eerste kwartaal is dadelik betaalbaar en dan verder op die eerste dag van elke maand tot en met November 2026.

VORMS: (OUERS VUL IN EN STUUR TERUG – Leerders het dit ontvang)

Ouers moet asseblief kennis neem van die volgende vorms wat by die nuusbriëf aangeheg is en aan leerders uitgedeel is. Sommige vorms of erkenningsbewyse moet **deur ouers ingevul word**. Alle vorms moet asseblief vanaf **Maandag, 19 Januarie 2026** na die **klasonderwysers** teruggestuur word. Die volgende vorms is aangeheg **of** aan leerders uitgedeel. Merk, vul in en teken dit asseblief so gou as moontlik:

- Gedragskode vir ouers
- Gedragskode vir leerders
- Vrywaringsvorm t.o.v. plasing van foto's/video's van leerders. (Hou asseblief in gedagte dat u kind se foto in die jaarblad geplaas word aan die einde van die jaar.)

- Departementele Gesondheidsvorm (Departement Gesondheid wat ons skool kom besoek)
 - POPIA toestemmingsbriëf. (Inligting slegs vir skoolgebruik!)
 - Skool mediese vorm. (Hierdie vorm sal met alle sport-, kultuur- of ander uitstappies gebruik word.)
Maak asseblief seker dat 'n mediese sertifikaat aangeheg word indien u kind aan 'n ernstige mediese toestand ly soos bv. asma, diabetes ens. (Nié nodig vir toestande soos hooikoors, sinus ens. nie)
 - Periodetie – 2026
 - Leerders wat bril dra
 - Medikasievorm (Basiese medisyne), asook chroniese medikasie
 - Afskeurskrokie as u as beamp te wil dien by kleuratletiek
 - Toiletbeleid (dui asb. aan of u kind 'n blaasprobleem het)
 - Boksmart (Vorm 6)
 - Besonderhede van ouers
 - Handboekkontrole vorm en Doelwitvorm (deur onderwysers uitgegee)
- Nog vorms wat aangeheg is vir ouers se kennisname:**
- Kwartaalprogram (Finale)
 - Buitemuurserooster vir Kwartaal 1
 - Skool- en koshuisgelde vir 2026, Periodetie

MEDIKASIE / BRILDRAERS: (AFSKEURSTROKIES)

Ouers moet asseblief die **medikasievorm** invul indien hulle toestemming gee dat ons vir u kind basiese medikasie by die skool en koshuis mag gee. Indien u nie so 'n briëf inhandig nie, **gaan ons u skakel om u kind te kom haal**. (Sien die vorm vir tipe medikasie wat ons gee.)

Ouers moet ook die vorm invul indien u kind **Ritalin of Concerta** gebruik. Ons wil ook weet of u kind 'n **bril** dra en of hy/sy die bril net vir lees gebruik of permanent moet dra. Vul asseblief daardie afskeurstrokie ook in.

NUUSBRIËWE: (ELKE VRYDAG!)

- Slegs Nuusbriëf 1 sal in harde kopie aan ouers beskikbaar gestel word, aangesien dit baie inligting bevat waarvan ouers kennis moet neem, asook dokumente waarvoor ouers ontvangs moet teken. Daar is ook afskeurstrokie wat ingevul en teruggestuur moet word. **Vanaf Nuusbriëf 2 ontvang ouers dit elektronies via die Jakkienuus whatsapp groepie.**
- Nuusbriëwe sal ook elke Vrydag beskikbaar wees op ons webtuiste: www.jakkies.com
- Alle reëlins vir die volgende week is op die nuusbriëf uiteengesit en **dit is baie belangrik dat ouers dit deeglik saam met hulle kinders deurgaen.**

- Enige afskeurstrokies sal Vrydae aan leerders fisies uitgedeel word (indien dit nodig sou wees) en sal ook by die nuusbriewe aangeheg wees.

BUITEMUURSEROOSTER EN KWARTAALPROGRAM:

Die **finale** buitemuurserooster en kwartaalprogram vir die eerste kwartaal word by die nuusbriewe ingesluit.

JAARBLAD:

Daar is nog Jaarblaai van 2024 & 2025 by die skool te koop @ R200 per eksemplaar. Skaf gerus vir u hierdie pragtige Jaarblad aan.

FINANSIES / KOMMUNIKASIE:

- Ouers moet seker maak dat hulle **kwitansies** ontvang vir alles wat kontant by die skool of koshuis inbetaal word. **Hou asseblief u kwitansies as bewys van betaling.** (Ons mag dalk vra dat u dit moet toon.)
- Ouers wat skool- en koshuisgelde **elektronies** inbetaal moet asseblief hulle kind se **naam** en **van** en waarvoor die betaling is, as **verwysing** gebruik.
- Ouers (**en veral ons nuwe ouers**) kan kennis neem van die volgende inligting:
 Webtuiste: www.jakkies.com
 E-posadres: skoolhoof@jakkies.com (Skoolhoof – Mev. T. Mostert)
 admin@jakkies.com (Sekretaresse – Mej. C. Brink)
 fin@jakkies.com (Finansies – Mev. M. du Plooy)
 sport@jakkies.com (Sportkantoor – Mev. L. Steenkamp)
 klagtes@jakkies.com
 Facebookblad: **Jakkieloer** - ouers is welkom om nuus daarop te kyk. ("Like" asb!)

KOSHUIS:

- Dorpskinders kan as **dagskoliere** registreer en **hierdie leerders moet al die reëls van die koshuis volg en eerbiedig.** Aansoekvorms vir dagskoliere is by die kantoor beskikbaar.
- Vir **R60** kan u kind koshuis toe gaan na skool, 'n ete kry en saam met die koshuiskinders studeer. Dagskoliere het 'n kamer waar hulle kan aan- en uittrek.
- Leerders kan buitemuurs bywoon en ouers moet hulle om 17:00 by die koshuis gaan haal.
- Dagskoliere moet hulle etekaartjies **vóór 10:00 elke oggend** by die finansiële kantoor gaan koop. Reëlins vir etes geskied slegs deur die finansiële kantoor! **Geen bespreking – geen ete.**

- **Persone van buite / ouers** mag ook etes by die koshuis bestel. U moet u eie bakkies stuur en u etes @ R50 elk **vóór 10:00** op die betrokke dag by die skool se kantoor kom bespreek. **Geen bespreking, geen etes.**

DISSCIPLINE/RESPEK:

- Ons skool volg 'n **dissiplinestelsel** wat streng toegepas gaan word.
- Ons vra ons ouers om ons hande sterk te maak deur u volle ondersteuning aan hierdie stelsel te gee.
- Ons vra ouers om asseblief leerkragte se privaatheid te respekteer. U kan hulle gedurende die week skakel tussen 7:00 en 17:00 of 'n afspraak met hulle maak buite skoolure.

AFWESIGE LEERDERS:

- **Leerders wat afwesig was en toetse gemis het**, sal dit wel skryf nadat betrokke onderwyser 'n reëling met die kind gemaak het.
- **Leerders wat laat is** vir skool moet eers by die kantoor aanmeld en die laatkomregister teken en 'n geldige rede verskaf.
- Ouers moet asseblief die kantoor so vroeg as moontlik telefonies of per e-pos **in kennis stel indien u kind siek is** of nie in die skool kan wees nie.
- Geen dokters-/tandartsafsprake gedurende **skoolure** tensy dit 'n krisis is nie. Stel asseblief vooraf die skool **SKRYFTELIK in kennis** (admin@jakkies.com) en onthou om u kind by die kantoor te kom uitteken. 'n Bewys dat u wel 'n dokter/tandarts ens. gesien het, moet ingegee word by die kantoor.
- Leerders moet 'n **mediese sertifikaat** by die kantoor indien as hy/sy vir **meer as twee dae** afwesig is
- Leerders is self daarvoor verantwoordelik om hulle huiswerk by maats te kry, **en in te haal**, as hulle afwesig was.

VEILIGHEID:

- **Alle hekke van die skool** word vanaf **7:30 tot 12:30** (Vrydae 12:00) gesluit ter wille van die veiligheid van u kind. Ouers en leerders (ook kleuterskool) moet asseblief van die **zebrastrepe** gebruik maak om tussen die skool en koshuis oor die pad te gaan.
- Slegs ouers **wat afsprake** by die skoolhoof, klerewinkel, sportorganiseerder of 'n leerkrag het, **mag die terrein betree. Alle persone wat die skoolterrein betree, MOET die hekkontroleregister by die kantoor teken.** Geen motors mag op die zebrastrepe staan nie.

Ry asseblief **uiters versigtig en stadig** in die straat voor die skool/koshuis.

- **Geen voertuie** word gedurende skoolure op die skoolterrein toegelaat nie. Parkeer asb. buite in die straat. Geen ouer mag direk na 'n onderwyser se klas gaan nie.
- **Afrigters** moet asseblief seker maak dat alle leerders wat by hulle ge oefen het, by die terrein uit is voordat hulle ry.

SKOOL EN SPORTKLERE:

- Leerders kom **elke Woensdag** met hulle **sportklere** skool toe. (Behalwe aan die begin van die jaar as die skool op 'n Woensdag begin na die vakansie.)
- Neem kennis dat seuns net die **GROEN** broekies mag aantrek.
- **Alle skool- en sportklere moet asseblief gemerk wees.** Leerders moet self verantwoordelikheid neem vir hulle klere.

SELFONE en PLAKKIES:

- Leerders mag nie **selfone** tydens skoolure in hulle besit hê nie. Selfone mag wel **vóór** skool by die kantoor ingehandig en **ná** skool weer afgehaal word. Fone sal gekonfiskeer word en gehou word **tot aan die einde van daardie kwartaal.**
- Slegs Jakkie-plakkies mag deur leerders gedra word, geen ander soort nie.

JAKKIES KLEREBANK:

NB: Die klerewinkel sal elke dag oop wees vanaf Maandag tot Vrydag op die volgende tye:

Ma. – Do. :	08:00 – 14:00
Vrydae:	08:00 – 13:00
<u>KLEREBANK KONTAKBESONDERHEDE:</u> WhatsApp - 082 634 6483 Skakel die skool om telefonies met Engela te praat – 053 050 5986	

Die katalogus is op whatsapp beskikbaar.

Geen kontant - slegs aanlyn aankope en kaartbetalings word aanvaar.

PRYSUITDELING: (Veral ons nuwe ouers)

Die beleid bepaal dat leerders (indien hy/sy vir 'n streek- of provinsiale span gekies word) **eers kleure kry** indien hy/sy vir daardie streek/span **deelgeneem** het. Indien deelname ná die prysuitdeling van daardie jaar plaasvind, sal die leerder eers in die **volgende jaar** erkenning daarvoor kry. Ouers vervoer self hulle kinders na provinsiale byeenkomste.

EIENDOM VAN DIE SKOOL:

Die **HANDBOEKE** wat u kind ontvang, is die eiendom van die skool en is vir ons **baie kosbaar**. Leerders wat handboeke verniel of laat wegraak, ontvang rekeninge. Indien dit nie betaal word nie, word dit op 'n ouer se skoolrekening geplaas.

NEEM ASSEBLIEF KENNIS:

- Ouers moet asseblief kennis neem dat daar **kameras in die klaskamers en op die stoepe** is. Opnames kan met dissiplinêre verhore gebruik word.
- **VERANDERING VAN BESONDERHEDE:** Dit is u as ouers se verantwoordelikheid om die skool in kennis te stel indien u **woonadres, e-pos-adres of telefoonnommer** verander. (Sien aangehegte afskeurstrokie om besonderhede te verskaf.)
- **NB:** Geen **geld/boeke/kosblikke/sportklere/taakitems** ens. word gedurende skoolure na kinders in klasse geneem nie. Hulle moet maar daarsonder klaarkom daardie dag.

KAMMALAND KLEUTERSKOOL:

- **Geen laerskoolleerders** mag gedurende pouse of na skool **by Kammaland speel** nie.
- Ouers van graad R-leerders moet voorlopig by Kammaland se klein hekkie in en uit beweeg.

GRAAD 1 “EERSTE SKOOLDAG”-FOTO’S:

Graad 1 se “Eerste Skooldag”-foto's sal digitaal verkoop word.

Die foto's is Woensdag, 14 Januarie, geneem. Bestellings en betalings gaan direk aan die fotograaf, Tarryn Bloem, gemaak word. Alle inligting rakende die foto's sal op die gr 1-groep gedeel word.

MEDIALEIERS:

Baie geluk aan die volgende leerders wat as **MEDIALEIERS** by die skool aangestel is:

Ricardo Struik, Olesego Cloete, Kylie Ceronio, Klari Marais, Elmarie Steenkamp en Zerina Izaaks.

By voorbaat dankie vir die harde werk wat julle hierdie jaar in die biblioteek gaan verrig.

LEERDERDEELNAME:

BUITEMUURS:

Daar is twee buitemuurseroosters vir hierdie kwartaal. Eerste een is van 14 Januarie tot 13 Februarie. Tweede een is van 16 Februarie tot 27 Maart. Maak asseblief seker van die tye waarop u kinders se buitemuurs begin. Tye is nie elke dag dieselfde nie. Net die eerste een word eers op hierdie nuusbrieff gedeel, om alle onduidelikhede uit te skakel.

SPORT:

KLEURATLETIEK:

Die jaarlikse kleuratletiek vind op **Vrydag, 30 Januarie** plaas. Leerders trek **die kleur van hulle span (BLOU/GEEL)** aan (enige hempie en broekie). Leerders wat nie blou of geel klere het nie moet sportklere aanhê. Optog sal om 06:30 begin en die items om 07:00. Ons behoort teen 13:00 klaar te wees.

Diskus en spiesgooi sal Donderdag, 29 Januarie reeds gehou word by Jacobsdal Primêr. Diskus sal om 14:30 begin. Spiesgooi sal om 16:00 begin. Slegs die kinders wat vir hierdie item ingeskryf het, kom meld aan asseblief. **'n Volledige snoepie sal Vrydag beskikbaar wees by die atletiek.** **Ouers wat skenkings aan die OLK maak, moet dit asb. teen Maandag, 26 Januarie, by die boekstoor inhandig.**

BOKSMART – RUGBYVORMS

Elke seun wat hierdie jaar wil rugby speel, moet asseblief die Boksmart vorm 6 invul wat aan hulle uitgedeel is. Die vorms moet asseblief so spoedig as moontlik ingehandig word by hul klasonderwysers. Indien die vorm nie terug is teen die tyd wat rugbyoefeninge begin nie, mag u seun nie oefen of wedstryde speel nie. Dit is ongelukkig SARU se reëls en nie die skool s'n nie.

LET WEL: Slegs atlete wat deurgaans na die Sone A atletiekbyeenkoms van 13 Februarie sal aanhou om atletiek te oefen. **Hierdie span sal op Donderdag, 12 Februarie bekendgemaak word.** Alle atlete is welkom om by tweekamp oefening in te skakel as hulle ekstra fiksheid wil doen.

KOMMUNIKASIE:

'n Nuwe e-pos-adres is geskep waar ouers hul klagtes kan deurgee aan die skool: **klagtes@jakkies.com**

VERJAARSDAG MAATJIES:

Leerders wat gedurende die vakansie verjaarsdag het, vanaf 01 Januarie tot en met 13 Januarie, kan op Maandag, 19 Januarie, siviervies aantrek skool toe. Vanaf Maandag, 19 Januarie, kan leerders wie verjaarsdag, op sy/haar

verjaarsdag, siviervies aantrek. Indien jy op 'n Saterdag verjaarsdag het, kan jy die Vrydag siviervies aantrek en op 'n Sondag, dan trek jy die Maandag siviervies aan.

ALGEMEEN:

VAKSAKKIES:

Veelkleurige stewige "canvas" vaksakkies @ R40 te koop by: Nelmarie de Lange: Tel: 076 676 2141

Die sakkies hou boeke mooi bymekaar en verhoed dat dit verniel.



BYBELVASVRA (GR 6&7)

Leerders wat belangstel om aan die Bybelvasvra deel te neem, moet die volgende skrifgedeeltes bestudeer om die kwalifiserende toets te skryf op Maandag, 26 Januarie, om 10:00 in juf. Naomi se klas, om te bepaal wie in die Bybelvasvra-span gaan wees.

Leer vir toets die volgende skrifgedeelte: Handeling 1 & 2

Die jaar se werk handel oor die volgende:

- Handeling 1-14
- 1 Timoteus 1-6
- Joël 1-3

BELANGRIKE KENNISGEWING:

- Die skool verdaag Maandag, 19 Januarie om 12:30 vir alle leerders, a.g.v. 'n opleidingssessie wat die personeel moet bywoon.
- Gr R & 1 leerders verdaag vir die eerste twee weke (tot en met 30 Januarie) om 12:00.

Daarna sal hulle volgens gewone skooltye verdaag.


T.E. MOSTERT
Skoolhoof

GEBEDSLYS:

Ons bid vir ons leerders, ouers en personeel vir 'n suksesvolle kwartaal.

TOESTEMMINGSBRIEF (2026)

BASIESE MEDISYNE

(Alle leerders by die skool en koshuis)

Hiermee gee ek: _____ ouer van die volgende leerders:

_____ Gr: ____ / _____ Gr: ____

_____ Gr: ____ / _____ Gr: ____

Toestemming dat my kind/ers basiese medisyne (sien onder) by die skool en koshuis mag ontvang.

Ek neem volle verantwoordelikheid vir hierdie besluit en vrywaar die skool- en koshuispersoneel van enige vervolging in hierdie verband.

HANDTEKENING: _____ DATUM: _____

NEEM ASSEBLIEF KENNIS:

- **Koshuiskinders** moet elkeen sy/haar eie 2L-roomysbak met basiese medisyne in hê wat onder toesig aan u kind uitgedeel sal word. In hierdie houer plaas die **ouer** medikasie wat sy/haar kind mag gebruik.
- Leerders wat medisyne by die skool kry, se name word in 'n register aangeteken.
- Let wel: Indien u kind hoofpyn, maagpyn, diarree, keelseer of naarheid ervaar en u **niet** 'n toestemmingsbriefie geteken het, sal u geskakel word om u kind dadelik te kom haal.
- **GEEN LEERDER MAG NIE IN BESIT WEES VAN ENIGE MEDIKASIE NIE.**

BASIESE MEDISYNE: (Tipe medikasie kan verander)

	Kopseer	Maagpyn	Diarree	Naar	Keelseer
Naam van medisyne (of iets soortgelyk)	Painamol	Spasmol	Prodium	Nauzine	Iodised troat loz

Medisyne vir toestande soos allergieë, verkoue, griep, hoes ens. sal **niet** deur die skool of koshuis voorsien word.

Kontakpersone:

Skool - Engela Strydom: 0844065751
Koshuis - Charmaine Fourie: 0828765458

LEERDERS WAT 'N BRIL DRA (2026)

Hiermee stel ek u in kennis dat my kind:

Naam en van: _____ graad: _____

'n **PERMANENTE BRIL / LEESBRIL** by die skool moet dra.
(Merk die toepaslike)

Naam van ouer: _____

Handtekening: _____

KRONIESE MEDIKASIE (2026)

Bv. Ritalin, Concerta ens.

(Nie antibiotika of vitamienaanvullings nie!)

Hiermee stel ek Jacobsdal Primêre Skool in kennis dat my kind kroniese medikasie gebruik. (Ook medikasie wat by die huis gebruik word)

Naam van kind: _____ Gr: ____

_____ Gr: ____

Naam van medikasie: _____

Waarvoor dit gebruik word: _____

Ek gee hiermee toestemming dat chroniese medikasie (slegs Ritalin en Concerta) deur die sekretaresse **by die skool** aan my kind verskaf word.

Naam van ouer: _____

Handtekening: _____

JACOBSDAL PRIMÊRE SKOOL

POPIA – KENNISGEWING:

NUUSBRIEF – 16 Januarie 2026

Geagte Ouers en alle belanghebbendes

Die wet op beskerming van persoonlike inligting [POPIA] soos deur die Grondwet beskerm en verskans deur die inwerkingstelling van die wet op 1 Julie 2021 vereis dat ons as skool aksies en prosedures in plek moet stel wat ouers, kinders en personeel se persoonlike inligting/foto's/video's slegs met toestemming van die ouers en personeel sal gebruik, veilig bewaar en sal vernietig indien nie meer gebruik word nie.

Die skool se inligtingsbeampte en adjunk-inligtingsbeampte aanvaar die verantwoordelikheid en aanspreeklikheid as "Verantwoordelike Party".

Jacobsdal Primêre Skool wil ouers en personeel die versekering gee dat hul persoonlike inligting/foto's/video's gerespekteer sal word en met die grootste sorg en veiligheid geberg en slegs met toestemming van die ouer/personeel gebruik sal word. Die fokus sal spesifiek wees vir die uitvoering van die skool se rol as opvoedingsinstelling en in die belang van die bevordering van die leerders en die skool. Die inligtingsbeamptes van die skool is die skoolhoof en die sekretaresse wat amptelik geregistreer en aangestel is.

As deel van die implementeringsplan om aan die POPIA-vereistes te voldoen, word toestemmings vereis soos hieronder uiteengesit in punt 1 en 2.

1. Die toestemmingsvorm soos deur FEDSAS se voorgestelde templaar vir skole ten opsigte van die POPIA wetgewing.
2. U toestemming wat verleen word om slegs voort te gaan met die insameling en gebruik van persoonlike inligting/foto's/video's op die wyse waarop die skool dit tans doen.

Die beskerming van ons skoolgemeenskap se persoonlik inligting is vir ons uiters belangrik en sal ten alle koste gehandhaaf word.

Jacobsdal Primêre Skool sal poog om slegs spesifieke opbouwende beeldmateriaal te gebruik ten einde te verseker dat hierdie materiaal geskik is vir 'n skoolomgewing. Sodanige beeldmateriaal dra by tot die bemaking van ons skool, ons etos, ons waardes en die leeromgewing waar ons kinders en personeel gedy.

Die vorms in gebruik is:

1. Toestemming om persoonlike inligting te gebruik.
2. Vrywaringsvorm met betrekking tot leerderfoto's, -beeldmateriaal, -video's en sosiale mediagroep.

Prosedure:

1. Aan die begin van elke nuwe skooljaar ontvang ouers deur ons verskillende kommunikasiemediums hierdie toestemmingsvorms. Die vorms moet deur die ouer volledig voltooi, onderteken en teruggestuur word na die skool vir lissering en bewaring.
2. Vir elke leerder/gesin van die skool word so 'n vorm voltooi en ingehandig.
3. Daar sal duidelik op die vorm aangedui word watter inligting u moet verstrek en 'n sperdatum waarop die vorm ingehandig moet word.
4. Die ou vorms word vernietig.

Navrae kan gerig word aan admin@jakkies.com

Jakkie groete

T.E. Mostert (Skoolhoof)

JACOBSDAL PRIMÊRE SKOOL

POPIA – TOESTEMMINGSVORM

Toestemmingsvorm ingevolge die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting 4 van 2013 (POPI)

Toestemming om persoonlike inligting te gebruik

- Deur toe te stem tot die bepalings van hierdie inligtingsvorm, magtig ek, OUER:

..... hiermee **JACOBSDAL PRIMÊRE SKOOL** vrywillig om persoonlike inligting sowel as dié van my KIND/ERS:

..... te verwerk, (met inbegrip van die name, straatadres, telefoonnommers en enige ander inligting wat ek aan die skool verstrek).

- Verwerking sluit in die ontvangs, optekening, organiseren, insortering, stoor, bywerking of aanpassing, herwinning, wysiging, raadpleging en gebruik; die verspreiding by wyse van oorsending, uitreiking of beskikbaarstelling in enige ander vorm, of die samesmelting, koppeling sowel as inperking, degradasie, uitwissing of vernietiging van inligting.
- Hierdie toestemming is onmiddellik van krag en sal van krag bly totdat een van die voorwaardes ingevolge paragraaf 8 van die Beleid oor die Beskerming van Persoonlike Inligting nagekom is.
- Die persoonlike inligting mag slegs verwerk word indien dit voldoende, tersaaklik en binne perke is in die lig van die doel waarvoor dit verwerk word, en indien verwerking ooreenkomstig die betrokke bepalings van POPI geskied. Die doel van die verwerking van inligting moet met 'n werkzaamheid of aktiwiteit van die skool verband hou.
- Daarbenewens neem u hiermee kennis dat **JACOBSDAL PRIMÊRE SKOOL** persoonlike inligting met betrekking tot die behoorlike funksionering, bestuur en beheer van die skool insamel en verwerk, soos wat die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996 en ander tersaaklike onderwyswetgewing en -beleide voorskryf.
- Die tipe inligting sal afhang van die doel waarvoor dit ingesamel word, en sal ook slegs vir daardie doel verwerk word.
- Ingevolge artikel 11 van POPI kan persoonlike inligting slegs in die volgende omstandighede verwerk word:
 - Indien die datasubjek, of 'n bevoegde persoon ingeval die datasubjek 'n kind is, tot verwerking toestem.
 - Indien verwerking noodsaaklik is vir die uitvoering van handeling met die oog op die sluiting of nakoming van 'n kontrak waarin die datasubjek 'n party is.
 - Indien verwerking voldoen aan 'n plig wat die skool volgens wet opgelê word.
 - Indien verwerking 'n regmatige belang van die data subjek beskerm.
 - Indien verwerking noodsaaklik is vir die uitoefening van 'n openbare regsplig.
 - Indien verwerking noodsaaklik is om in die skool se regmatige belang op te tree.

U regte ingeolge hierdie toestemming

U het die volgende regte:

- *Die reg om te weet watter inligting gehou word, hoe dit gebruik word, en wanneer die skool dit sal bekend maak.* Al voormelde inligting word vervat in ons Beleid oor die Beskerming van Persoonlike Inligting en ons Privaatheidsbeleid, wat beskikbaar is en bekom kan word by ons kantore of op ons webtuiste.
- *Die reg om u besonderhede reg te stel.* Die skool sal u inligting bygewerk probeer hou. Indien enige van u besonderhede egter verander, stel ons asseblief in kennis sodat ons rekords so akkuraat moontlik kan wees.
- *Die reg om u toestemming terug te trek.* U mag die toestemming wat u ons ingeolge hierdie vorm gee in enige stadium terugtrek. U terugtrekking moet op skrif geskied en aan die inligtingsbeampte van die skool gerig word. Teruggetrekte toestemming is nie terugwerkend van krag nie en sal dus nie enige vorige of bestaande gebruik van u inligting raak nie.

Toestemming om bemarkingsinligting te ontvang

Deur tot die bepalings van hierdie toestemmingsvorm in te stem, gee u uitdruklik toestemming dat u inligting vir bemarkingsdoeleindes verwerk word, en verstaan u dat deur toestemming te gee, u bemarkingsmateriaal in die vorm van SMS'e, e-posse en dies meer van die skool kan ontvang.

Merk asseblief u antwoord hieronder:

☐

Ek stem in

☐

Ek stem nie in nie

Handtekening van ouer/voog

Datum

JACOBSDAL PRIMÊRE SKOOL

VRYWARINGSVORM MET BETREKKING TOT LEERDERFOTO'S/-BEELDMATERIAAL/-VIDEO'S



Ek/ons as ouers verleen hiermee toestemming aan JACOBSDAL PRIMÊRE SKOOL om foto's/beeldmateriaal/video's van bogenoemde kind(ers) te vertoon as deel van:

- 'n demonstrasie/projek/aktiwiteit in die loop van klaskameronderrig;
- 'n voorbeeldprojek/-aktiwiteit op CD/geheuestokkie wat vir gebruik in opvoedkundige werksessies, klaskamers, advertensies, ensovoorts deur die skool geskep is;
- die skool se webblad, SMSWEB, nuusbriewe en sosiale mediaplatforms (waaronder Facebook, whatsapp en Twitter);
- voorbeelde wat aan programuitgewers gegee, of wedstrydinskrywings wat by borge ingedien word;
- video-opnames vir 'n program in verband met die skool wat op 'n televisiestasie uitgesaai sal word; en/of vir dissiplinêre doeleindes benodig word, binne of buite die klaskamers.
- enige gedrukte publikasie, wat insluit, dog nie beperk is nie tot, koerante, tydskrifte, jaarboeke, ensovoorts.

Deur hierdie toestemming te verleen, begryp ek dat die skool foto's/beeldmateriaal/video's van die kind(ers) kan gebruik vir doeleindes soos om prestasies te vier en onderwysgeleenthede bekend te maak, soos wat die Beheerliggaam en die Skoolhoof goeddink, en dat sodanige gebruik vertoning in die skoolfotogalery kan insluit.

Ek verstaan voorts dat hoewel die skool wat met die foto's/beeldmateriaal/video's verbind word, geïdentifiseer sal word, en volwassenes wat in foto's/beeldmateriaal/video's verskyn by die naam genoem mag word, die naam/name of ander persoonlik identifiseerbare inligting van die kind(ers) nie saam met enige foto/beeld/video gebruik sal word nie.

Ek onderteken hierdie vrywaringsvorm in die wete dat enige foto's/beeldmateriaal/video's wat op die skool se webtuiste gepubliseer word, deur verskeie nuusorganisasies, waaronder gedrukte, elektroniese en uitsaaimedia, bekom en gereproduseer kan word, en daarom vrywaar ek die skool van enige aanspreeklikheid wat kan ontstaan uit die gebruik van foto's/beeldmateriaal/video's van die kind(ers) in skoolwebpublikasies.

Daarbenewens begryp ek dat daar moontlike gevare bestaan in verband met die publikasie van foto's, beeldmateriaal en video's op 'n webtuiste, aangesien wêreldwye toegang tot die internet dit onmoontlik maak om te beheer wie toegang tot die inligting verkry.

Ek verstaan ook dat indien ek hierdie ooreenkoms wil herroep, ek dit in enige stadium kan doen deur 'n brief aan die Skoolhoof te stuur.


Mnr. N. Faber
VOORSITTER:
BEHEERLIGGAAM



GEDRAGSKODE: LEERDERS:

1. INLEIDING

1.1 Die volgende wette dien as basis waarop die riglyne en vereistes van

hierdie gedragkode gebaseer is:

- 1.1.1 Die Suid-Afrikaanse Skolewet, 84 van 1996
- 1.1.2 Die Grondwet van die RSA, 108 van 1996
- 1.1.3 Die Vrystaat Provinsiale Onderwyswet

1.2 Hierdie gedragkode is aanvaar **na oorleg met die leerders, ouers en opvoeders** van Jacobsdal Primêre Skool op 2014-02-03 tydens 'n amptelike vergadering van die Skool se Beheerliggaam. Ons beskou Jacobsdal as 'n Waardegedrewe skool en wil daarop voortbou vir die voortbestaan van die skool.

1.3 Die Gedragkode kan van tyd tot tyd deur die Beheerliggaam gewysig word na oorleg met die betrokke partye.

2. DOEL VAN DIE GEDRAGSKODE

2.1 Volgens Artikel 8(2) van die SA Skolewet is die doel van die gedragkode "om 'n gedissiplineerde en doelgerigte skoolomgewing wat toegewy is aan die bevordering en instandhouding van die leerproses, te vestig". Die gedragkode wil dus:

- positiewe dissipline bevorder,
- leerders aanmoedig om selfdissipline aan te leer,
- voorbeeldige gedrag vestig as deel van die trots en tradisie van die skool,
- morele waardes, norms en beginsels daartel wat die skoolgemeenskap in stand moet hou,
- leerders inlig met betrekking tot die wyse waarop hulle moet gedra of optree,
- leerders inlig oor die implikasies en gevolge van hul optrede.

2.2 Die Gedragkode erken die regte van die leerder soos vervat in die Grondwet van die RSA. Die volgende beginsels is veral ter sake.

2.2.1 Elke leerder het die reg op 'n regverdigde verhoor.

2.2.2 Elke leerder het die reg om deel te neem aan besluitneming aangaande sake wat hom/haar aangaan, asook dat hulle menings oor sodanige sake geluister sal word.

2.2.3 Elke leerder het die reg tot nie-diskriminasie en gelykheid voor die wet.

2.2.4 Elke leerder het die reg om toestemming aan skool te verleen om foto's, beeldmateriaal of video's van hom/haar te vertoon soos uiteengesit in die vrywaring m.b.t. leerderfoto's, -beeldmateriaal en -video's vir demonstrasies, projekte, aktiwiteite in klaskameronderrig, webblaaie en sosialemediaplatforms, programuitgewers, wedstrydinskrywings, televisieuitsendings, en enige gedrukte media publikasies wat insluit, koerante, tydskrifte, jaarboeke, ens.

2.2.5 Elke leerder het die reg tot vryheid van uitdrukking, mits dit nie die volgende aantast nie:

- wedersydse respek vir mekaar
- respek vir die etos van die skool
- die vrywillige godsdiensbeoefening van hierdie skool
- die ordelike en gedissiplineerde werksaamhede van die skool
- die regte van ander leerders, opvoeders of werkers


2.2.6 Leerders het die reg op 'n skoon en veilige omgewing wat bevorderlik is vir onderwys

- 2.2.7 Dit is die leerder se reg en voorreg om alle klasse by te woon. 'n Oortreding van die Gedragskode kan egter lei tot die verbeuring van hierdie voorreg.
- 2.2.8 Leerders kan van opvoeders verwag om 'n hoë standaard van professionele etiek te handhaaf en om teenwoordig te wees om hulle klasse te onderrig. 'n Verhouding van wedersydse respek en vertroue tussen leerders en opvoeders moet nagestreef word.
- 2.3 In die beoefening van sy regte vereis die Gedragskode egter van elke leerder om:
- 2.3.1 die regte van ander individue en van die groep hoër te ag as sy eie,
- 2.3.2 sy pligte teenoor sy skool as opvoedkundige instelling na te kom,
- 2.3.3 niks te doen wat die goeie naam van die skool kan skade berokken nie,
- 2.3.4 die belange van die skool as 'n eerste prioriteit te stel,
- 2.3.5 die reëls en waardes van hierdie skool ten volle te gehoorsaam en na te strew,
- 2.3.6 sodanig op te tree dat hoë gehalte onderwys ononderbroke aan alle leerders voorsien kan word,
- 2.3.7 'n kultuur van verdraagsaamheid en vrede in die skool te vestig, te handhaaf en te respekteer, en die opvoedkundige beginsels van die skool te respekteer.
3. **WETLIKE BEVOEGHEID VIR BEHEER EN DISSIPLINE**
- 3.1 Volgens die SA Skolewet (84/96) het die beheerliggaam die mag om dissipline in die skool te handhaaf.
- 3.2 Die beheerliggaam van Jacobsdal Primêre Skool oefen hierdie mag uit binne die eise wat algemeen geld in die **vrywillige godsdienstebeoefening opvoedingsfilosofie**.
- 3.3 Leerders is verplig om gehoor te gee aan hierdie Gedragskode. Indien die leerder die Gedragskode verbreek, kan optrede teen hom/ haar verwag word.
- 3.4 Niks stel die leerder daarvan vry om gehoor te gee aan die Gedragskode van hierdie skool nie.
- 3.5 Ingevolge hierdie Gedragskode het elke opvoeder verbonde aan hierdie skool die reg om die leerder te beheer en te dissiplineer gedurende enige skool- of skoolverwante aktiwiteit.
- 3.6 Hierdie gedragskode verleen aan die prinsipaal of enige opvoeder die bevoegdheid om, waar daar redelike vermoede en voldoende inligting bestaan, enige leerder of sy eiendom te laat deursoek vir ongewenste items. Die volgende wette is hier van toepassing:
- Wet op die Beheer van Toegang tot Openbare Persele en Voertuie (53/1985)
 - Wet op Dwelms en Dwelmshandel (140/1992)
4. **GEDRAGSKODE VIR LEERDERS:**
- 4.1 Elke leerder van hierdie skool het die verantwoordelikheid om nou tydens die Covid 19 pandemie hom-/haarsel en sy/haar mede skoler en onderwysers te beveilig teen die virus deur alle Covid en voorgeskrewe regulasie nageset na te kom. Indien nie maak hy/sy hom-/haarsel skuldig aan verbreking van die gedragskode en sal hy/sy volgens die dissiplinebeleid gedissiplineer word indien hy/sy oortree het.
- 4.2 Elke leerder wat aansoek om toelating tot hierdie skool doen, moet die Gedragskode bestudeer en dit onderteken voor toelating.
- 4.3 Die leerder word verplig om te voldoen aan die vereistes van die Gedragskode

- 4.4 Die leerder moet te alle tye na skoolure hul onderwysers as opvoeder, hulself, hul maats, hul leiers en besoekers respekteer, altyd hoflik en gemanierd optree en die skool se etos en die 7 waardes ten volle uitleef.
- 4.5 Die leerders moet gehoorsame gedrag openbaar en teeptratory vermy.
- 4.6 Die leerder is verplig tot heelhartige samewerking in alle redelike en billike opdragte wat van die opvoeders ontvang word.
- 4.7 Die leerder moet te alle tye, ook na skoolure, hoflik en met respek optree teenoor sy opvoeders, die nie-opvoeders, besoekers aan die skool en die ouerkorps van die skool.
- 4.8 Die leerder moet mense se andersheid respekteer en altyd so optree dat dit ander se menswaardigheid bevorder / versterk.
- 4.9 Elke leerder is individueel en gesamentlik verantwoordelik vir die waardering en bewaring van die skool se geboue, toerusting, aparatuur en fasiliteite.
- 4.10 Die leerder moet sy ouers aanmoedig om skoolgeld te betaal en om skoolaktiwiteite te ondersteun.
- 4.11 Die leerders moet hulle neêrê by die skool en klaskamer se reëls wat deur al die betrokke partye opgestel is.
- 4.12 Die leerder aanvaar die gesag van persone in bevel van orde en dissipline in die skool en sal hom/haar by oortreding aan toepaslike strawwe onderwerp.
- 4.13 Van leerders word verwag om betrokke te wees by en, indien sover moontlik sal deelneem aan die buitekurrikulêre program en aktiwiteite wat die skool hom of haar bied.
- 4.14 Van leerders word verwag om te alle tye sportiewe gedrag te toon tydens alle sportaktiwiteite.
- 4.15 Die leerder onderneem om hom/haar ook by buitekurrikulêre geleenthede te onderwerp aan die skoolreëls.
- 4.16 Elke leerder moet die skool se kleredragreëls nakom tot uitbouing van die positiewe beeld van die skool.
- 4.17 Elke leerder aanvaar die beginsel van uniforme skooldrag, netjiese voorkoms en onderneem om die voorskrifte van persoonlike voorkoms na te kom soos deur die skoolreëls bepaal.
- 4.18 Die leerder moet die simbole van die skool respekteer en daadwerklik bevorder.
- 4.19 Voorskrifte rakende klaswisseling, klaskamerreëls, die verantwoordelike gebruik van mediasentrum, saal, gimnastieksaal, swembad, toilette, voertuie, ens, moet in alle opsigte nagekom word.
- 4.20 Die leerder mag nie 'n ander persoon se veiligheid in gevaar stel of bedreig nie. Graadgroepe mag nie met leerders jonger en ouer as hulle speel nie. Vreemdelinge moet vermy en aangemeld word en werkers op terrein moet vermy word.
- 4.21 Geen leerder naby enige meganiese apparaat of waar daarmee gewerk word nie. [Bv. Balanseerdag en grassnyer.]
- 4.22 Leerders mag nie rommel strooi in die klaskamers, die stoepe, ander lokale en die terrein nie en van die asblikke gebruik maak.
- 4.23 Tree altyd met verantwoordelikheid en respek op in badkamers omdat dit 'n plek is van privaatheid.
- 4.24 Leerders mag nie nader as 5 meter van skoolgrond se heining wees nie.
- 4.25 Leerders moet die skolierpatroolie gehoorsaam en positief en flink reageer op die bevel van die span.
- 4.26 Leerders mag hulle nie skuldig maak aan enige aard van ongewenste gebruik van sosiale media op die skoolterrein en by sportgeleenthede of tydens 'n busrit nie.
- 4.27 Leerders mag onder geen omstandighede hulself skuldig maak aan die aanstuur van ongewenste materiaal of wanneer hulle ongewenste materiaal pers sosiale media ontvang dit aanstuur aan enige leerder van Jacobsdal Primêre Skool nie.
- 4.28 Geen leerder mag in besit wees van 'n selfoon of enige ander kommunikasie apparaat tydens skoolure nie.

4.29 Ten opsigte van klaskamerpraktyk moet die leerder:

- 4.29.1 positief aan klasaktiwiteite deelneem
- 4.29.2 nie ontwrigtend op die onderrigproses inwerk nie
- 4.29.3 huiswerk netjies en getrou doen
- 4.29.4 pligsgetrou in hul skoolwerk en deeglik vir evalueringsgeleenthede voorberei en
- 4.29.5 honderd persent eerlik wees tydens evaluering en die doen van huiswerk en nie verdra dat ander leerders oneerlik optree nie.
- 4.30 Die leerder moet altyd die belange van die skool vooropstel en nie persoonlike begunstiging of bevoordeling soek nie.
- 4.31 Die leerder moet elke skooldag stiptelik aanmeld vir skool en nie die skool vroeër verlaat nie.
- 4.32 Leerders mag nie die skoolterrein verlaat sonder toestemming nie.
- 4.33 Die leerder moet altyd vir volwassenes opstaan en vriendelik groet ten einde sy respek te betoon.
- 4.34 Gereelde skoolbywoning is verpligtend. Die ouer / wettige voog moet die leerder se afwesigheid verklaar.
- 4.35 Die finale verantwoordelikheid vir die gedrag van leerders berus by hulle ouers / voogde.
- 4.36 Dit is die plig van die leerder om altyd sodanig op te tree dat dit die skool tot eer strek ook na skoolure.
- 4.37 Leerders moet jaarliks heraansoek doen vir toelating.



Voorsitter: Beheerliggaam

16 / 01 / 2026

Datum

JACOBSDAL PRIMÊRE SKOOL

GEDRAGSKODE VIR OUERS



WETSVEREISTES VAN DIE BELEID: Die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet no. 84 van 1996)

DOEL VAN DIE BELEID:

Die daarstel van 'n stel skriftelike reëls en beginsels, griewe en gedrag in die algemeen. Die beleid is van toepassing op biologiese ouers en/of die voog van die leerder en/of iemand wat 'n wettige aanspraak het op die sorg en beheer van die leerder.

Om die ouers te laat besef dat onderlinge samewerking tussen die skool en die ander persone wat by die opvoeding en onderwys van ons kinders betrokke is, alleenlik suksesvol kan wees as alle partye ooreenkom om die waardes en beginsels van die skool te handhaaf.

REGTE VAN OUERS:

Om te verwag dat die standaard van onderwys korrek en in lyn is met die beginsels soos vervat in die skolewet.

Gereeld op hoogte gehou te word ten opsigte van die vordering van sy/haar kind by die skool aktiwiteite of selfs gedragsafwykende gedrag indien dit openbaar word.

Enige probleem met die beheerliggaam / skoolhoof te bespreek, wat dit verder sal hanteer met die betrokke partye, maar op so 'n manier dat die integriteit van geen persoon afgekraak word nie/sy regte nie aangetas word nie.

Vordering van leerders met personeel te bespreek. Deel te neem in die besluitnemingsprosesse en funksies soos van tyd tot tyd deur die skool verlang.

INLEIDING:

Die ouer bly die primêre opvoeder van die kind en is dus primêr verantwoordelik vir die opvoeding van die kind. Hierdie primêre verantwoordelikheid mag nie sonder meer in die hande van die skool gelaat word nie.

